GESKIEDENIS HG VR 1 NOVEMBER 2007

1. ALGEMENE OPMERKINGS

1.1. Hierdie nasionale vraestel was van ‘n baie hoë standaard en het uitstekende leesvaardighede van kandidate vereis. Die meeste kandidate het dit nie as ‘n werklike probleem ervaar nie en moet geluk gewens word met die manier waarop hulle die vraestel beantwoord het.

1.2. Kandidate se vaardighede m.b.t. die skryf van opstelle verbeter jaarliks. Feitlik geen kandidate maak meer van hofies gebruik nie en die meeste is in staat om geskikte inleidings en samevattings te gebruik.

1.3. Baie kandidate het goed gedoen in die brongebaseerde vrae omdat hulle in staat was om ‘n verskeidenheid toepaslike vaardighede toe te pas.

2. OPSTELVRAE

2.1. Kandidate wat goeie punte vir hulle opstelle verwerf het, was in staat om

- Die vrae korrek te beantwoord (vraaggedrewe);
- Relevante inhoudseleksie te doen;
- Historiese analise toe te pas;
- Opstelle goed te struktureer.

2.2. Sentrums het vrae 1 en 2 redelik goed beantwoord.

2.3. Slegs ‘n paar sentrums het vrae 3A of 3B (Suid-Afrika 1976 – 1994) beantwoord. Vraag 3A is swak beantwoord.

3. **BRONGEBASEERDE VRAE**

3.1. Kandidate wat goed gevaar het was in staat om

- Getuienis uit die bronne te onttrek
- Bronne te interpreteer
- Bewyse te analiseer, te organiseer en te kommunikeer
- Bewyse te evalueer.

3.2. Baie kandidate het dit moeilik gevind om bewyse te gebruik om ‘n paragraaf te skryf (4.1.6., 5.1.3., 6.1.4.).